



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



MEGANIESE OES VAN WYNDRUIWE

2. INVLOED VAN MEGANIESE OES OP PRODUKSIE EN GROEIKRAG

Meganiese oes van wyndruiwe word gebruik waar handarbeid onbekostigbaar of nie beskikbaar is nie. Wingerd word gevestig vir 'n ekonomiese leeftyd van meer as 20 jaar. Tydens die proses van meganiese oes word die stok geskud sodat die tros en/of korrels deur ossilerende kragte van die stok afgeskud word. Hierdie oordrag van die meganiese kragte op die een- en meerjarige stokgedeeltes moet sodanig wees dat dit nie die toekomstige produksiepotensiaal van die wingerdstok benadeel nie.

2.1 Invloed op produksie (die massa duiwe geproduseer per eenheid grondoppervlak)

- Hier is die doeltreffendheid van oes belangrik, m.a.w. hoeveel duiwe verlore gaan van die stokke tot in die parsbak sowel as die aanwesigheid van die hoeveelheid MAD (materiaal anders as duiwe).
- By wingerdstokke met krom stamme, waar die opvangplate of -bakkies nie dig sluit nie, val korrels op die grond. Stokontwikkeling is hier dus baie belangrik om oesverliese te beperk.
- Anker- en binne-pale wat te dik is, kan effektiewe oes belemmer en tot gevolg hê dat trosse in die wingerd agterbly.
- Sap wat aan die blare vassit word saam met die blare deur die waaiers weggewaai.
- Te hoë waaierspoed veroorsaak meer sap-verliese, maar dit is 'n eenvoudige verstellingsprobleem op die oesmasjien.
- Stingels wat op die stok agterbly (Fig. 1), verteenwoordig tot 5% gewigsverlies (afhanklik van die kultivar). Tydens afmaal van die duiwe by die kelder is dit egter 'n voordeel omdat 'n ontstingelaar nie gebruik hoef te word nie.
- Kultivar-verskille kan die meganiese oes van duiwe bemoeilik of vergemaklik. Sommige kultivars, bv. Semillon en Pinot Noir, oes meganies moeilik, terwyl ander kultivars, bv. Cabernet Sauvignon, Sauvignon blanc, Chenin blanc en Gewürztraminer, makliker meganies geoes word.
- Dit is algemeen bekend dat korrels makliker afskud in die koelte van die nag en vroegoggend, wanneer die turgor hoog is, as in die hitte van die dag.



Figuur 1: Voorbeeld van 'n trosstingel wat na afloop van meganiese oes in die wingerd agter gelaat word. (Foto: Conrad Schutte)

- Wanneer druiwe optimale ryphed bereik het en die natuurlike verouderingsprosesse in die korrels plaasgevind het, kom die korrels makliker los as bv. druiwe wat by 18-20°C vir vonkelwyn geoes word.
- Lowerbestuurspraktyke kan aanleiding gee tot druiwe wat in die wingerd agter bly. Waar lowers volgens die beginsels van VLP (vertikale lootposisionering) gemanipuleer is, is die hoeveelheid trosse wat in die wingerd agter bly, minder as in die geval van vryloot-stelsels (oophang lowers).
- Wanneer kortdraer (permanente kordon) en langdraer (Guyot) snoeimetodes vergelyk word (met VLP lowers) bly die minste hoeveelheid trosse in die wingerd agter in die geval van die permanente kordon in vergelyking met die Guyot snoeistelsel.

2.2 Invloed op wingerdgroeikrag (die vermoë van 'n wingerdstok om te oorleef en groei)

- Skade wat aan die tappie aangerig word kan in die daaropvolgende jaar tot 'n oesverlies lei. Hierdie skade kan verminder of vermy word deur die tappie tydens snoei regop te posisioneer.
- Waar daar in laasgenoemde situasie met die hand gesnoei word, kan die fout egter tydens snoei herstel word. Indien daar kraagogies agterbly of 'n waterloot in die nabyheid is, kan daar 'n eenoogdraer gelaat word wat later as 'n tappie gebruik kan word. 'n Ander opsie kan wees om tydens snoeityd die gapings met langdraers of bokhorings mee toe te maak om vir die verlies aan tappies te kompenseer.
- Meganies gesnoeide wingerdstokke moet meganies geoes word. Die meganiese snoei gee aanleiding tot meer en korter lote met kleiner trossies op. Dit is koste-oneffektief om die groot getal kleiner trosse per stok met die hand te oes.

2.3 Fisiese skade aan die stokke weens meganiese oes

- Daar bestaan 'n goeie korrelasie tussen skade wat aan die stok aangerig word en die ouderdom van die stok. Ouer stokke (15-20 jaar) toon die meeste skade, asook die voorkoms van meer MAD as in die geval van jonger stokke.
- Daar bestaan ook kultivar-verskille. Kultivars met minder buigsame lote, bv. Cabernet Sauvignon, Pinotage, Chenin blanc en Mourvèdre, is geneig om makliker beskadig te word. Kultivars soos Merlot, Petit Verdot en Gewürztraminer se hout is meer buigsaam en is dus geneig tot minder skade.
- Wingerde met permanente eenrigtingkordonne wat met kortdraers gesnoei word en waarvan die lote VLP gemanipuleer word toon die minste skade deur meganiese oes aangerig. Hierteenoor toon wingerde wat met langdraers gesnoei is (Guyot) meer skade in vergelyking met kortdraers.
- Vryloot-stelsels wat met kortdraers gesnoei is toon meer skade deur die masjien aangerig wanneer dit met VLP stelsels wat met kortdraers gesnoei is, vergelyk word.
- Prieelstelsels wat meer MAD in die geoeste druiwe veroorsaak bring mee dat die wyngehalte benadeel word.
- Ervaring in Suid-Afrika toon ook dat daar minder skade aan stokke aangerig word wat van jongs af met die masjien geoes word vergeleke met wingerde wat eers op 'n latere ouderdom die eerste keer meganies geoes word. Dit is omdat meer draerposisies oor tyd meer lateraal uit die kordonne groei (Fig. 2).



Figuur 2: Tappie wat vanaf die kordon afgebreek het (omkring in wit) tydens meganiese oes. (Foto: Robert Stolk)